Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Leser loop 'n bloutjie met polisie

Die redakteur:

In die berig op bladsy 4 van verlede week se Rustenburg Herald Bonus wat gaan oor die vyf verdagtes wat op Dinsdagaand, 13 Desember vasgetrek is terwyl hulle lorriebuitebande by 'n sakeperseel gesteel het, word ander besighede wat ook soortgelyke diefstalle ondervind het, versoek om met die polisie in verbinding te tree.

Gedurende September/Oktober verlede jaar is daar 22 buitebande van grondverskuiwingstoerusting by ons perseel gesteel. Die skelms het ook ons maatskappytrok gekaap, maar dié het ons gelukkig later teruggevind.

Na aanleiding van die berig skakel ek toe die ondersoekbeampte, ene konst Kgatle op die telefoonnommers wat verstrek is. Ek was egter redelik ontsteld na die oproep.

Eers vind ek uit dat konst Kgatle nie beskikbaar is nie, omdat hy op 'n kursus is en toe ek uiteindelik na die speurafdeling deurkom, word ek gevra wat die saaknommer van die voorval is waaroor daar in die koerant berig is. Hulle wil boonop weet wat die name van die vyf verdagtes is wat in hegtenis geneem is en wie die lede van die polisie is wat by die arrestasies betrokke was.

Toe ek vir hulle sê dat ek nie die besonderhede van die saak ken nie, word ek gevra hoe ek verwag dat hulle my moet help as ek geen besonderhede kan verstrek nie. En toe word ek aangesê om aan my "houding" te werk indien ek enige hulp van hulle wil hê!

Die polisie vra dat ander besigheid wat geaffekteer is hulle moet kontak, maar as mens dit doen, dan stel hulle nie belang om te help nie. Boonop het ons ook tot dusver geen terugvoer gekry oor die buitebande wat by ons gesteel is nie.

Ann-Mari Grobler

Amptelike kommentaar deur polisiewoordvoerder, kapt Elsabé Augoustides:

Die publiek se betrokkenheid by die voorkoming van misdaad kan nie oorbeklemtoon word nie. Daarom is inligting wat van die publiek ontvang word, van kardinale belang. Die ondersoekbeampte was ongelukkig met 'n kursus en nie beskikbaar nie. Veral waar 'n ondersoekbeampte se persoonlike besonderhede in die media vermeld word as 'n kontak, moet hy of sy ten minste verseker dat daar iemand is wat die publiek in sy/haar afwesigheid van hulp kan voorsien. Ten einde 'n herhaling van hierdie ongelukkige voorval te voorkom, word intern aandag geskenk daaraan om te verseker dat lede en siviele personeel kennis neem van sake waarin ons spesifiek die publiek se hulp vra.

Dit is van groot hulp indien klaers wel vorige saaknommers tot hul beskikking het. Dit vergemaklik die opvolg van inligting. Dit is egter nie die publiek se plig om byvoorbeeld name van verdagtes te ken nie.

Ek het me Grobler persoonlik geskakel en haar vorige saakbesonderhede afgeneem. Ons is tans besig om inligting op te volg om te bepaal of daar inderdaad 'n verband tussen die sake is en onderneem om aan haar so gou moontlik terugvoer te gee.

Standpunt

Openbare geriewe – iemand moet ingryp!

Die gerugte oor die skokkende en bykans ongelooflike toestande by die Rustenburgse Munisipale swembad het teen hierdie tyd alle ore bereik. Behalwe skynbaar, die mense wat heel eerste hiervan moes kennis neem en dringende planne in werking moes stel om die sogenaamde Platinastad 'n enorme verleentheid te spaar – met ander woorde – die Rustenburgse Munisipaliteit.

Ai, dat dinge wat verlede jaar na die jongste munisipale verkiesing so belowend gelyk het, so onverwags, dramaties en onbeheersd kon begin skeefloop… Bykans 'n week nadat die Rustenburgse Swemklub te midde van 'n reuse verleentheid 'n groot byeenkoms ter elfder ure moes afstel omdat die bestuur net eenvoudig nie kans gesien het om 'n swemgala te midde van sulke omstandighede voort te sit nie, het daar steeds geen daadwerklike stappe van die Rustenburgse Munisipaliteit gekom om die saak te probeer beredder nie…

Beamptes en die bestuur van die Rustenburg Swemklub moes vandeesweek in alle erns self inspring in 'n poging om te verhoed dat 'n tweede, selfs nog groter swemgala wat vir komende naweek by die Rustenburg Swemklub geskeduleer is, ook skipbreuk ly. Sedert Maandag het lede van die swemklub nie minder nie as 90 tot 100 kilogram se chloor in die swembad uitgegooi en daar was beloftes van 'n aansienlike hoeveelheid chloorgas wat deur die Noordwes-bestuur in Mahikeng beskikbaar gestel sou word. Tyd sal leer of die krampagtige pogings suksesvol was en of Rustenburg dalk hierdie naweek 'n tweede verleentheid gespaar sal bly…

Maar terug na die punt – hoekom blyk daar 'n gevoel van traak-my-nie-agtigheid by die Rustenburgse Munisipaliteit te wees? Ons vra hoekom – want daar is tog seker by min mense twyfel of laasgenoemde inderdaad die geval is? Wie was die afgelope klompie weke by die Rustenburgse Donkerhoek Begraafplaas. Ja, Donkerhoek is 'n uitstekende beskrywing – met alle respek aan die derduisende Rustenburgers wat waarskynlik nie meer kans sien om die grafte van hul geliefdes in Donkerhoek te besoek nie.

Ag nee wat, die plek is 'n moeras en 'n oerwoud en 'n mens is self jou lewe nie daar seker nie… Hoeveel keer is daar nie al 'n beroep op ons owerhede gedien om dringend iets aan hierdie baie belangrike openbare fasiliteit te doen nie? Het ons mense in beheer dan nie 'n gevoel vir die mense wat agterbly en treur nie? Behalwe dat die gras so elke dan en wan mooi kort gesny word, is tekens van onderhoud by Donkerhoek inderdaad aan die skaars kant.

Wanneer laas het u die geriewe by die Rustenburgse Burgersentrum mooi ondersoek en benut? Het dit u ook opgeval dat dié plek, wat net soos die Munisipale Swembad en ja, Donkerhoek begraafplaas, 'n sieraad vir Rustenburg was, op plekke erg verwaarloos en afgeskeep is. Dat lugversorgers nie werk nie, dat waterpype stukkend en lekkend is, dat badkamer- en toiletgeriewe veel te wense laat en dat algemene verval stadig maar seker besig is om sy kop uit te steek.

Maar daar is allelange lyste met klagtes oor Rustenburg se infrastruktuur. Die toestand van ons woonbuurtes, straatligte wat glad nie (of heeltyd – probeer Bovensingel naby Fields Collegte asb…) brand. Bome wat oor strate groei, sypaadjies wat só toegegroei is dat mense verplig voel om in die straat te loop, stoptekens en padverkeersmerke wat moeilik sigbaar en dikwels totaal afwesig is, slaggate wat dit 'n risiko maak om met enigiets buiten 'n 4x4-voertuig te ry en hope sand en water in en langs ons paaie omdat ons dreineringstelsels net eenvoudig lankal nie meer funksioneer nie.

Dit is 'n nuwe jaar - 'n mens wil so graag vorentoe kyk en positief wees. Kan ons nie maar hierdie dinge regkry nie? Kan ons nie maar op die dienste aandring waarvoor ons verplig word om te betaal nie? Wil ons plaaslike owerhede nie maar die binnegevegte los en skouer aan die wil sit om ons weer opreg trots op ons stad en ons geriewe te maak nie?

Rustenburg Herald doen 'n beroep op ons Uitvoerende Burgemeester en die Rustenburgse Munisipaliteit om saam met ons hande te vat en saam te werk – kom ons spring sommer vandag nog in! Ons betaal reeds die salarisse en die dienstefooie - laat ons dan weet waar ons nog kan help - ons plek lyk regtig nie goed nie… (Standpunt deur Waldie Volschenk, Coetzerstraat 13, Rustenburg).

Rapporteer verkeersoortredings

Die redakteur:

Ek ry elke dag baie kilometers op ons paaie en die gevolg is dat ek daagliks waarneem hoe baie bestuurders verkeersreëls verontagsaam. Aangesien die verkeersbeamptes nie oral kan wees en gevolglik nooit die bestuurders wat oortree raaksien nie, wil ek die volgende voorstel:

Kry in elke provinsie 'n kontaknommer waar die publiek en ander padgebruikers iemand kan rapporteer as hulle so 'n oortreding of insident waargeneem het. Laat iemand dit kontroleer deur die aanmelding op die oortreder se lêer aan te teken.

Wanneer daar byvoorbeeld in 'n sekere tydperk tien voorvalle deur verskillende persone aangemeld is, moet so 'n persoon 'n waarskuwing van die verkeersdepartement ontvang. Indien die persoon nog weer oortree en dit word weer op sy lêer aangebring, moet die verkeersdepartement die persoon se rybewys opskort vir byvoorbeeld ses maande, waarna daar weer van vooraf vir 'n lisensie aansoek gedoen moet word.

My gevoel is dat indien so iets in plek is, die skuldiges versigtiger sal bestuur en verkeersreëls beter sal nakom.

Ek verstaan dat almal van ons besig is nie tyd het om in die hof te gaan getuig om die skuldige aan die pen te laat ry nie. Daarom sal ek dit wil sien dat insidente wat gerapporteer word en nie as formele klagtes hanteer word nie.

Anoniem

Daar bestaan 'n tolvrye nommer, 0800 204 992 of per SMS na 31022, waar lede van die publiek verkeersoortredings kan aanmeld - Red.

Samaritaan gesoek

Die redakteur:

Ons wil graag die dame bedank wat op Saterdag, 14 Januarie om ongeveer 13:15 op die Oorsaak-pad agter ons seun gery het toe hy met sy motorfiets 'n ongeluk gemaak het.

Dankie dat jy gestop het en hom bygestaan het tot sy vriende en die ambulans opgedaag het. Skakel ons asseblief by 072 269 4175 sodat ons jou persoonlik kan bedank.

Tina en Cobus.

Sleutels gevind

RUSTENBURG – Twee stelle sleutels is by die kantore van Rustenburg Herald ingehandig. Die een stel sleutels het 'n Volkwagen-voertuigsleutel, verskeie ander sleutels en 'n blou "remote control" aan.

Die tweede stel sleutels is op 14 Januarie in Arendweg (bo Spreeulaan) gevind. Dié stel het 'n Toyota-voertuigsleutel, 'n "remote control" en verskeie ander sleutels aan.

Die sleutels kan by ons redaksiekantoor in Coetzerstraat 13 afgehaal word.

BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie.

Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.

• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated.

Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.